

Verkorte Presidentsrede by die vyf-en-tagtigste gewone algemene vergadering van aandeelhouders

Inleiding

Dit is vir my aangenaam om verslag te doen oor nog 'n suksesvolle jaar vir die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Dit geld vir al die aspekte van die Bank se werksaamhede. Teen die agtergrond van 'n snel-groeiende maar onsekere internasionale ekonomie, het ons daarin geslaag om ons vorige suksesse op die inflasiefront te handhaaf en te oortref. Die konsolidering van inflasie op lae vlakke het makro-ekonomiese bestendigheid versterk en tot stewige groei in die Suid-Afrikaanse ekonomie bygedra.

'n Bestendige en deeglik geregleerde finansiële stelsel is 'n belangrike komponent van volgehoue ekonomiese sukses. Bestendigheid in die finansiële sektor is oor die afgelope jaar gehandhaaf en goeie vordering is gemaak met die voorbereidings om Basel II in werking te stel. Verdere hoogtepunte sluit in die wysigings aan die herfinansieringstelsel van die Bank en die bekendstelling van 'n verbeterde reeks banknote en 'n nuwe R5-munt.

Nog 'n aanduiding van sukses was die volgehoue invloeiing van kapitaal na die land wat die voortgesette opbouing van die amptelike buitelandse reserwes moontlik gemaak het. Dit het tot groter bestendigheid van die wisselkoers bygedra.

'n Belangrike mylpaal is bereik toe die rand by die deurlopend geskakelde vereffeningstelsel (algemeen bekend as die CLS-stelsel) ingesluit is. Die rand is nou een van slegs 15 geldeenhede wat vereffening deur die CLS-stelsel doen.

Internasionale ekonomiese ontwikkelings

Hoewel ekonomiese groei wêreldwyd in die tweede helfte van 2004 afgeplat het, het wêreldproduksie steeds teen 'n koers van 5,1 persent vir die jaar in die geheel gegroei. Reële produksiegroei in die Verenigde State van Amerika het in die algemeen ferm gebly terwyl reële ekonomiese groei in die euro-gebied, Suid-Afrika se belangrikste handelsvennoot, betreklik teleurstellend was. Groei in die meeste ontwikkelende lande, ingesluit dié in Afrika, het verwagtings oortref. Wêreldinflasie het gedemp gebly.

Ondanks hierdie gunstige toestande, is die wêreld se ekonomiese vooruitsigte vertroebel deur groot internasionale wanbalanse en stygende ruoliepryse. Die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans van die Verenigde State het onlangs tot meer as 6 persent van daardie land se bruto binnelandse produk uitgebrei.

Die sterk wêreldwye ekonomiese omgewing het die vraag na energie 'n hupstoot gegee. Ondanks verskeie toenames in amptelike produksiekwotas deur die Organisasie van die Petroleum Uitvoerlande (OPUL) sedert die begin van 2004 het ruoliepryse in nominale terme nuwe rekordhoogtes bereik. Dit is vererger deur die historiese lae oorskotproduksievermoë in OPUL, geopolitiese spanninge en die gevaar van ontwrigtings in die olieproduksie van 'n aantal lande.

Dit is moeilik om 'n wêreldwye neiging in amptelike rentekoerse gedurende die afgelope jaar te onderskei. In die Verenigde State is die teikenkoers vir federale fondse in Augustus 2005

tot 3,50 persent verhoog, die tiende opeenvolgende verhoging van 25 basispunte sedert die middel van 2004. Die Bank van Engeland het sy sleutelbeleidskoers vroeg in Augustus 2005 verlaag. Die Europese Sentralebank het rentekoerse sedert 2003 onveranderd gelaat, terwyl die Bank van Japan monetêre beleid in Januarie 2004 laas verslap het.

Nieteenstaande hierdie uiteenlopende beleidsrigtings het amptelike rentekoerse wêreldwyd oor die algemeen betreklik laag gebly. Kredietgraderings het vernou en onder hierdie betreklik likiede omstandighede het leningsbedrywighede vinnig uitgebrei terwyl eiendoms- en aandelepryse in baie dele van die wêreld opgeskiet het.

Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

Die Suid-Afrikaanse ekonomie is sedert September 1999 in 'n opwaartse fase van die konjunkturgolf, die langste tydperk van ekonomiese uitbreiding in die opgetekende ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika.

In die derde kwartaal van 2004 het ekonomiese groei 5,7 persent teen 'n jaarkoers bereik. Daarna het die groei in die eerste helfte van 2005 tot 'n jaarkoers van 3,9 persent gedaal. Hierdie verlansaming in groei kan hoofsaaklik toegeskryf word aan minder gunstige buitelandse toestande en die betreklike sterk buitelandse waarde van die rand, wat die mededingendheid van die goedere-produuserende sektore van die ekonomie ingekort het.

Werkverskaffing in die ekonomie buite die landbousektor het, na 'n sloering, op die verbetering in binnelandse produksievlakke gereageer en opeenvolgende toenames is in elk van die vyf kwartale tot September 2004 aangeteken. Hierdie verbetering is egter nie in die daaropvolgende twee kwartale volgehou nie.

Reële werknemersvergoeding het oor die afgelope twee kalenderjare toegeneem. Tesame met die verbetering in werkverskaffingsvlakke het hierdie toenames die totale inkome van huishoudings 'n sterk hupstoot gegee. Gevolglik het die reële finale verbruiksbesteding van huishoudings met 6,1 persent in 2004 en met 6 persent teen 'n jaarkoers in die eerste helfte van 2005 gegroei.

Reële finale besteding van die algemene owerheid het hoë groeikoerse van 7,2 persent in 2004 en 5,3 persent teen 'n jaarkoers in die eerste helfte van 2005 getoon en sodoende bygedra tot die uitbreiding van die totale reële binnelandse besteding.

Indrukwekkende groei in die reële vaste kapitaalvorming van 9,4 persent in 2004 het effens momentum verloor om in die eerste helfte van 2005 'n jaarkoers van ongeveer 9 persent te haal. Die verhouding van die bruto vaste kapitaalvorming tot die bruto binnelandse produk is nietemin steeds slegs sowat 17 persent.

Omdat die bruto binnelandse besteding gedurende die afgelope twee-en-'n-half jaar hoër as die bruto binnelandse produk was, is 'n tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans regdeur hierdie tydperk aangeteken. In verhouding tot die bruto binnelandse produk het die tekort op die lopende rekening van 2,9 persent in die eerste helfte van 2004 tot ongeveer 3½ persent in die eerste helfte van 2005 uitgebrei. Hierdie tekorte is gemaklik deur aansienlike oorskotte op die finansiële rekening van die betalingsbalans gefinansier, wat aanleiding gegee het tot 'n styging in die land se bruto goud- en buitelandse reserwes.

Monetêre en finansiële ontwikkelings

Die groei oor twaalf maande in lenings en voorskotte deur monetêre instellings aan die privaatsektor het sterk tot 22,1 persent in Junie 2005 versnel. Lae rentekoerse, sterk sake- en verbruikersvertroue, 'n oplewing in die maatskappysektor se vraag na lenings by banke en die lewenskragtigheid van die eiendoms- en sekuriteitemarkte het die sterkte van kredietverlening aan die privaatsektor onderskraag. Kredietverlening met bates as onderpand het sedert Oktober 2004 teen koerse oor twaalf maande van meer as 20 persent toegeneem. Bereken teen 'n jaarkoers, het die skuld van huishoudings teen die middel van 2005 vinnig tot 61 persent van hul besteebare inkomste toegeneem. Weens laer rentekoerse het huishoudings se skulddienskoste in verhouding tot hul inkomste nietemin betreklik laag gebly.

Verwant aan die lewendige kredietverlening, het die geldvoorraad ook vinnig toegeneem. Die groei oor twaalf maande in M3 het van 11,1 persent in Mei 2004 tot 17,0 persent in Junie 2005 versnel. Die sterk groei in M3 was 'n weerspieëling van die volgehoue sterk uitbreiding van nominale binnelandse inkomste en besteding, wat versterk is deur stygende batewaardes en breër toegang tot bankdienste vir daardie gedeelte van die Suid-Afrikaanse bevolking wat nie voorheen toegang geniet het nie.

Die maandelikse gemiddelde prysvlak van alle klasse van aandele wat op die JSE Beperk genoteer is, het van Julie 2004 tot Julie 2005 met 45 persent toegeneem en in Augustus 2005 is nuwe rekordvlakke bereik. Die opbrengskoers op langtermynneffekte het rondom 'n dalende neiging gewissel namate die vooruitsigte vir volgehoue lae inflasie verbeter het.

Die vaste-eiendomsmark het gedurende die afgelope jaar lewendig gebly, maar die koers van toename in die pryse van vaste eiendom het in die loop van 2004 en die eerste helfte van 2005 begin afplat.

Openbare finansies

Die strewe na prysbestendigheid in Suid-Afrika is steeds sterk ondersteun deur die regering se fiskale bestuur. Die regering se tekort voor lenings en skuldaflossing as 'n verhouding van bruto binnelandse produk het in die 2004/05 fiskale jaar tot 1,5 persent afgeneem. Die Nasionale Regering se begroting vir die fiskale jaar 2005/06 was weer eens binne 'n raamwerk van fiskale dissipline opgestel, met groter klem op die ontwikkeling van infrastruktuur.

Monetêre beleid

Tydens die vorige gewone algemene vergadering kon ek met genoeg meld dat veranderinge in die verbruikersprysindeks vir metropolitaanse en ander stedelike gebiede met die uitsluiting van verbandrentekoste (VPIX), sedert September 2003 binne die teikengebied van 3 tot 6 persent gebly het. Gedurende die afgelope jaar is hierdie prestasie teen laer vlakke en met kleiner wisselings gekonsolideer. Sedert Julie 2004 het VPIX-inflasie oor twaalf maande op 'n gemiddelde van 3,9 persent te staan gekom.

In Januarie vanjaar het inflasie in die pryse van dienste vir die eerste keer sedert die inwerkingstelling van inflasietekens tot onder die vlak van 6 persent gedaal. 'n Belangrike

bydrae tot hierdie neiging was die gedrag van geregleerde pryse. Sedert Julie 2004 het produksieprysinflasie ook op 'n lae vlak van gemiddeld 1,7 persent voortgeduur.

Hierdie gunstige ontwikkelings van inflasie en 'n verbetering in inflasievoorsigte het tot 'n verslapping van monetêre beleid gelei. Die terugkoopkoers is in Augustus 2004 en weer in April 2005 met 50 basispunte tot 7 persent per jaar verlaag.

'n Noemenswaardige ontwikkeling gedurende die jaar was die ontplooiing van inflasieverwagtings. Die doeltreffendheid van monetêre beleid hang af van die geloofwaardigheid daarvan wat weer in verwagtings van toekomstige inflasie weerspieël word. Opnames deur die Buro vir Ekonomiese Onderzoek van die Universiteit van Stellenbosch het 'n merkbare en bestendige daling in inflasieverwagtings oor die afgelope jaar getoon. Teen die eerste kwartaal van 2005 het die inflasieverwagtings van al die klasse van deelnemers aan die opnames vir al drie die vooruitskattingsjare tot binne die inflasieteikengebied gedaal.

Die Bank se vooruitskattings het ook oor die afgelope jaar 'n volgehoue verbetering in die inflasievoorsigte getoon. Ander gunstige faktore wat die beter inflasievoorsigte onderlê het, was die volgehoue sterkte van die buitelandse waarde van die rand, die afwesigheid van kapasiteitsbeperkings in die ekonomie, volgehoue fiskale dissipline, lae voedselprysinflasie en lae wêreldinflasie.

Daar was egter gedurende die jaar ook 'n aantal faktore wat as bedreigings vir die inflasievoorsigte beskou is. Allereers was daar die styging in die internasionale oliepryse wat tot betekenisvolle petrolprysstygings gedurende die tydperk gelei het. By geleentheid het dit gelyk asof hierdie toenames die handhawing van lae inflasie binne die teikengebied kon bedreig.

Die Monetêrebeleidskomitee het sy beskouing herbevestig dat monetêre beleid nie op die onmiddellike gevolge van sulke eksogene skokke sal reageer nie, maar sal waak teen moontlike sekondêre gevolge. Gelukkig was die uitwerking van die hoër internasionale oliepryse op binnelandse inflasie baie meer gedemp as wat aanvanklik gevrees is.

Nog 'n bekommernis vir monetêre beleid was die sterkte van die binnelandse vraag, wat hoër kleinhandelsverkope, rekordverkope van motorvoertuie en stygende huispryse tot gevolg gehad het. Dit het ook tot 'n toename in die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans bygedra. Ondanks hierdie verwickelings was daar per slot van rekening weinig bewys van nadelige gevolge vir inflasie. In die lig van die vlak van kapitaalinvloeiing is die tekort op die lopende rekening ook as volhoubaar beskou.

Die verlaging in die terugkoopkoers in April 2005 is deur sekere verslagdoeners beskou as 'n verandering in die oogmerk van die Bank vanaf lae inflasie na die buitelandse waarde van die rand. Veranderings in die wisselkoers is egter 'n belangrike dryfveer in die inflasieproses in Suid-Afrika. Daar is verwag dat die sterker rand deur middel van die prys van invoer 'n regstreekse uitwerking op inflasie sou hê. Terselfdertyd het die sterk wisselkoers 'n nadelige uitwerking op die goedere-produuserende sektore van die ekonomie. Die gevolglik groeiende gaping tussen werklike en potensiële produksie sou inflasievoorsigte ook demp. Die verlaging van die terugkoopkoers was dus nie weens groter klem op die sterk rand self nie, maar op gunstige voorsigte vir inflasie.

Toepassing van monetêre beleid

Die Bank het met ingang van Mei 2005 sekere wysigings aan die herfinansieringstelsel aangebring. Die hoofdoelmerk van die wysigings was om die Bank se daaglikse betrokkenheid by die beïnvloeding van geldmarklikiditeit te verminder en sodoende die werking van die interbankmark en likiditeitsbestuur deur banke te verbeter.

Die wysigings aan die herfinansieringstelsel is gemik op die stroombelyning van die herfinansieringsbedrywighede van die Bank, deur dit eenvoudiger en meer deursigtig te maak. Hierdie veranderings behoort by te dra tot 'n meer doelmatige en buigsamer raamwerk vir likiditeitsbestuur in die geldmark, met inbegrip van breër toegang vir banke tot herfinansiering deur die Bank. Die banke word ook aangemoedig om groter verantwoordelikheid te neem vir die bestuur van hul eie likiditeitsbehoefes.

Die Bank is tevrede met die gevolge van hierdie veranderings. Die banke steun nou minder op die Bank vir die afsluiting van hul posisies aan die einde van elke handelsdag en gebruik eerder die staande fasiliteite en hul kontantreserwesaldo's wat by die Bank gehou word.

Buitelandse reserwes

Die Bank het voortgegaan om sy buitelandse reserwes aan te vul deur buitelandse betaalmiddele in die mark aan te koop soos en wanneer omstandighede dit toegelaat het. Gedurende die afgelope aantal maande is hierdie proses aangehelp deur aankope van buitelandse betaalmiddele wat gespruit het uit 'n groot regstreekse buitelandse beleggings-transaksie. Gevolglik het die amptelike goud- en buitelandse reserwes tot VSA\$18,9 miljard teen die einde van Julie 2005 verbeter vergeleke met VSA\$8,3 miljard in Februarie 2004 toe die oorverkoopte termynboek vir buitelandse betaalmiddele finaal gesluit is. Teen die einde van Julie 2005 was die internasionale likiditeitsposisie VSA\$15,4 miljard.

Die Bank het nie 'n bepaalde vlak van buitelandse reserwes in die oog of 'n tydperk waarbinne dit bereik moet word nie. Die aanvulling van reserwes vind deurlopend plaas namate marktoestande en die omsigtige bestuur van die Bank se balansstaat dit toelaat.

Die doelmatige bestuur van buitelandse reserwes bly 'n strategiese oogmerk. Teen die einde van Julie 2005 is 15,1 persent van die totale buitelandse reserwes deur eksterne beleggingsbestuurders hanteer, terwyl die res deur die Bank bestuur is.

Die Bank het voortgegaan om sowat VSA\$3,5 miljard van sy bruto reserwes te leen. Die Bank het ook die gunstige marktoestande benut deur van die bestaande lenings in die internasionale markte te herfinansier.

'n Formele proses waarby die Nasionale Tesourie en die Minister van Finansies betrokke was, is in Maart 2005 afgehandel ingevolge waarvan die definisie van die statutêre goudprys hersien is om ooreen te stem met internasionale gebruike en verslagdoeningsvereistes om die markwaarde van goudreserwes te weerspieël.

Wisselkoersveranderings

Die rand is deurentyd hoofsaaklik deur die waarde van die VSA-dollar in die internasionale markte vir buitelandse betaalmiddele beïnvloed. Die dollar is op sy beurt

beïnvloed deur onsekerheid oor die sterkte en verspreiding van wêreldgroeï, die vooruitsigte vir inflasie en rentekoerse, en strukturele wanbalanse in die wêreld ekonomie.

Die wisselkoers van die rand was teen die einde van die 2004/05 finansiële jaar bykans onveranderd op die vlakke wat twaalf maande tevore geheers het. Van die einde van Maart 2004 tot die einde van Maart 2005 het die nominale effektiewe wisselkoers van die rand met slegs 1,5 persent verswak. Die rand het oor dieselfde tydperk met 1,5 persent teenoor die VSA-dollar versterk. In die loop van die jaar was daar egter 'n mate van wisseling.

Hoofsaaklik as gevolg van die verstewiging van die VSA-dollar in 2005, het die rand van die einde van Desember 2004 tot die einde van Maart 2005 op 'n handelsgeweege grondslag met 6,8 persent verswak. Gedurende dieselfde tydperk het die rand met 9,7 persent teenoor die VSA-dollar verswak. Hierdie dalende neiging van die rand het in die nuwe finansiële jaar voortgeduur en die rand het tot aan die einde van Julie 2005 verder met 1,3 persent op 'n handelsgeweege grondslag en met 5,9 persent teenoor die VSA-dollar verswak.

Die reële effektiewe wisselkoers van die rand het in die 2004/05 finansiële jaar met 3,1 persent toegeneem. Die gemiddelde reële effektiewe wisselkoers was in die eerste vyf maande van 2005 effens sterker as die gemiddelde vlak in 2004. Die rand word steeds oor die algemeen sterk deur 'n aantal faktore gesteun. Dit sluit in die volgehoue sterkte van grondstofpryse, kapitaalinvloeiinge, 'n gesonde makro-ekonomiese beleids-omgewing en Suid-Afrika se beter internasionale kredietgraderings.

Finansiële bestendigheid

Terwyl die strewe na prysbestendigheid die hoofmerk van die Bank se werksaamhede is, het ons ook 'n rol om te speel in die bestendigheid van die finansiële stelsel. Onbestendigheid in die finansiële stelsel kan aansienlike makro-ekonomiese koste meebring, wat 'n uitwerking op die hoofsaak van monetêre beleid kan hê. Terwyl bank-toesighouding op die welstand van individuele banke en daardeur op die beskerming van deposante konsentreer, is die funksie van finansiële bestendigheid om voortdurend ondersoek in te stel na die bestendigheid van die finansiële stelsel in die geheel. Die Bank dra by tot finansiële bestendigheid as deel van 'n groter poging waarby die owerheid, ander reguleerders en selfreguleringsinstansies ingesluit is.

Nasionale betaalstelsel

Die nasionale betaalstelsel (algemeen bekend as die NPS) is 'n belangrike onderdeel van finansiële bestendigheid. Die Bank gaan voort om die veiligheid en welstand van die betaalstelsel te verbeter deur die verdere ontwikkeling van die Bank se vermoë om oor die betaalstelsel toesig te hou en deur 'n hoë standaard van vereffeningsdienste vir banke te lewer. 'n Belangrike mylpaal is bereik toe die rand in Desember 2004 by die CLS-stelsel ingesluit is. Die rand is tans een van slegs 15 leidende vereffeningsbetaalmiddele in die CLS-meganisme.

Bestendigheid van die banksektor

Die Suid-Afrikaanse banksektor het baat gevind by die gesonder makro-ekonomiese toestande. Gemeet aan die opbrengs op eienaarsbelang, het die winsgewendheid van

die banksektor van 'n gladgestrykte 12,6 persent in Junie 2004 tot 14,0 persent in Junie 2005 verbeter. Doelmatigheid, volgens die koste wat aangegaan moet word om inkomste te skep, het ook verbeter. Die kapitalisering van die banksektor het gesond gebly en in Junie 2005 het die kapitaaltoereikendheidsverhouding 13,1 persent beloop.

Die gehalte van banke se bates het ook verbeter, ondanks sterk groei in die totale lenings toegestaan. Teen die einde van Junie 2005 was slegs 1,6 persent van die totale lenings agterstallig, vergeleke met 2,0 persent in Junie 2004.

Bankregulering

Suid-Afrikaanse banke sal vanaf 1 Januarie 2008 nie meer die bestaande kapitaal-ooreenkoms kan gebruik nie. Die Bank stel in die vooruitsig dat al die benaderings ingevolge die nuwe kapitaal-ooreenkoms (Basel II) in beginsel vir banke beskikbaar sal wees, onderhewig aan 'n aantal riglyne.

Die Bank is van mening dat dit vir elke geregistreerde bank in Suid-Afrika moontlik sal wees om na die eenvoudige benaderings van Basel II oor te skakel sonder grootskaalse ontwrigting of risiko vir individuele banke of die bankstelsel. Banke wat van voorneme is om 'n gevorderde benadering te kies sal aansoek moet doen. Aansoeke sal oorweeg word op grond van die bekwaamheid en vermoë van die betrokke banke om hierdie veranderings doeltreffend in werking te stel.

Die verbreding van toegang tot finansiële dienste en geormerkte belegging geniet voorrang op die sakelys vir Suid-Afrika en ons finansiële sektor, en die Bank monitor en ondersteun steeds nuwe inisiatiewe.

Konsepwetgewing gemik op die voorsiening van breër toegang tot finansiering, naamlik die wetsontwerp op toegespitste bankdienste vir tweedevlak-banke en die wetsontwerp op koöperatiewe banke vir banke op die derde vlak is laat verlede jaar vir kommentaar gepubliseer. Terwyl hierdie nuwe soort bankinstellings groter mededinging sal meebring en die vermoë sal hê om breër toegang tot finansiering te bevorder, bied die omvang, wyse en struktuur van toesighouding oor hierdie instellings 'n uitdaging aan die owerheid en aan reguleerders van finansiële dienste.

Die goedkeuring wat aan Barclays Bank plc verleen is om voort te gaan met 'n formele aanbod vir 'n meerderheidsbelang in die plaaslike bankdiensgroep, Absa Groep Beperk, het 'n belangrike struktuurverandering in die finansiële sektor meegebring. 'n Groot binnelandse bank sal deur 'n internasionale bank beheer word. Tot op hede is hierdie transaksie die grootste enkele regstreekse buitelandse belegging in Suid-Afrika, wat 'n aanduiding is van die toenemende positiewe beleggingsvooruitsigte vir Suid-Afrika.

Geld in omloop

Die Bank se takke was weer eens in staat om in die vraag na kontant in die ekonomie te voorsien. Teen die einde van Junie 2005 het die waarde van banknote en munt in omloop buite die Bank R49 miljard bedra, 'n styging van meer as 12 persent vergeleke met die einde van Junie 2004. In Augustus 2004 is 'n nuwe R5-munt in paarmetaal bekendgestel in reaksie op 'n indruk dat die vorige munt moontlik vervals word. 'n Verbeterde reeks banknote is in Februarie 2005 vrygestel.

Internasionale samewerking

Die Bank het voortgegaan om 'n aansienlike bydrae tot ekonomiese samewerking in Afrika en Suider-Afrika in die besonder, te lewer. Die Bank was in noue verbinding met die vereniging van sentrale banke in Afrika oor die inwerkingstelling van die monetêre samewerkingsprogram vir Afrika. Die Bank het ook deelgeneem aan 'n studie om die koste en voordele vir die daarstelling van 'n gemeenskaplike sentrale bank vir Lesotho, Namibië, Swaziland en Suid-Afrika uit te stippel. Besluite hieroor sal deur die politieke leiers van hierdie lande geneem word.

Interne administrasie

Korporatiewe beheer in die Bank, wat die ontwikkeling van 'n etiese gedragskode vir die bestuur en die personeel insluit, het spesiale aandag geniet. 'n Raamwerk vir korporatiewe beheer is in samewerking met die Raad van Direkteure ontwikkel ter voldoening aan die beste gebruike.

As deel van risikobestuurstrategieë en ter voldoening aan die riglyne vir korporatiewe beheer, het die Bank in sy hoofkantoor sowel as in die takke en filiale 'n omvattende raamwerk vir voortgesette sakebestuur tydens ontworings in werking gestel.

Ingevolge toepaslike wetgewing is konsultasie oor billike indiensneming 'n voortdurende proses in die Bank. Die bestuursliggaam vir billike indiensneming (algemeen bekend as die MSC), wat die bestuur verteenwoordig, en die konsuleringsliggaam vir billike indiensneming (bekend as die EECB), wat die werknemers verteenwoordig, vergader maandeliks. Die vierde verslag oor billike indiensneming is saamgestel, en na oorlegpleging met werknemers, is dit in Oktober 2004 betyds by die Departement van Arbeid ingedien.

In Maart 2005 het die totale verteenwoordiging op grond van billike indiensneming in die Bank op 55 persent swart werknemers en 46 persent vroue te staan gekom. Op bestuursvlak was die verteenwoordiging 43 persent swart werknemers en 34 persent vroue. Dit bevestig verdere vordering met die doel van 'n werksmag wat op alle senioriteitsvlakke 'n weerspieëling van die demografiese en geslagsamestelling van die Suid-Afrikaanse bevolking is.

Die Bank aanvaar medeverantwoordelikheid vir die ontwikkeling van sy personeel. Benewens verskeie opleidings- en ontwikkelingsgeleenthede, ondersteun die Bank werknemers ook met hul studies, terwyl heelwat aandag aan indiensopleiding geskenk word. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank-kollege speel 'n prominente rol in die verbetering van werknemers se vaardighede in sentrale bankwese.

Noemenswaardige vordering is gemaak met die proses om die Bank se personeel-handleiding te hersien. Die Presidentskomitee het 'n voorgestelde nuwe personeel-handleiding goedgekeur en 'n onderhandelingspan is aangestel om met personeel, die EECB en die Suid-Afrikaanse vereniging van bankamptenare (SASBO) oorleg te pleeg. Die onderhandelingspan het reeds begin met die proses om die onderskeie belanghebbendes te betrek en oor veranderings in te lig.

Die oor-die-toonbank aandeeloordragfasiliteit vir die Bank se aandele funksioneer steeds bevredigend en gedurende die finansiële jaar is 20 transaksies beklank en het 63 600 aandele van eienaar verwissel. Teen die einde van Junie 2005 het die Bank 620 aandeelhouders gehad.

Die Bank se balansstaat-totale het gedurende die finansiële jaar aansienlik toegeneem, hoofsaaklik vanweë die opbouing van die amptelike goud- en buitelandse reserwes. Hierdie opbouing het verskeie transaksies genoodsaak om likiditeit in die binnelandse geldmark te absorbeer, wat aansienlik tot die Bank se rentekoste bygedra het. Die Bank se inkomste voor belasting het nietemin gegroei teenoor dié van die vorige finansiële jaar. Dit is hoofsaaklik moontlik gemaak deur winste uit die verkoop van staatseffekte. Voortgesette waaksaamheid is dus nodig in die begrotingsproses en met kostebestuur.

Slot

Die voorafgaande oorsig van ontwikkelings gedurende die afgelope jaar bevestig dat die Bank sukses behaal het in die navolging van sy hoofdoelstellings.

Van besondere belang is dat VPIX-inflasie gemaklik binne die inflasieteikengebied van 3 tot 6 persent gebly het en dat dit moontlik was om die terugkoopkoers tot 7 persent per jaar te verlaag. Die konsolidering van inflasie op laer vlakke en met minder wisseling is 'n belangrike bydrae tot ekonomiese groei en ontwikkeling in Suid-Afrika.

Die verbetering in die vlak van die amptelike buitelandse reserwes was indrukwekkend. Die reserwes sal verder opgebou word, afhangend van marktoestande en die omsigtige bestuur van die Bank se balansstaat.

Die Bank sal voortgaan om in ooreenstemming met die beste internasionale gebruike toesig oor Suid-Afrikaanse banke te hou, terwyl 'n belang in die bestendigheid van die finansiële stelsel behou word. Nouer ekonomiese samewerking in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap en op die vasteland van Afrika sal in die jare wat voorlê toenemend 'n belangrike strategiese fokusgebied word.